

Sing vooraf staande: Psalm 68:15 (p. 337)

- 15 O Koninkryke, sing Gods lof! / Laat psalme oprys uit die stof – /dis God wat uitgetrek het!
Hy ry, beklee met eer en mag, / hoog deur die hemel van sy krag / wat Hy met storms bedek het.
Die donderstemme, swaargedug, / verkondig in die hoë lug / sy mag voor al die volke.
Gee sterkte aan God – sy hoogheid is / oor Israel, sy erfenis; / sy mag is in die wolke.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 66:7 (p. 322)

- 7 Kom luister toe, o Godgesinde! / Kom, almal wat die HERE vrees!
Ek sal vertel aan al sy vrinde / wat Hy gedoen het aan my gees.
Ek het geroep, God het geluister / toe alles nag was om my heen;
en voor die lig skyn deur die duister, / was God my lof, net Hy alleen.

Geloofsbelydenis: Nicea

Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid vir vergewing van ons sondes met Ps. 130:2 (p. 635)

Wet

Psalm 130:2 (p. 635)

- 2 As U, o HEER, die sonde / na reg wou gadeslaan,
wie sou een enk'le stonde / voor U, o HEER, bestaan?
Maar nee, daar is vergewing / altyd by U gewees;
daarom word U met bewing / reg kinderlik gevrees.

Gebed

- *Dokologie:*
 - *Aanbidding:*
 - *Skuldbelydenis:*
 - *Vergifnis:*
 - *Dank:*
 - *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
 - *Algemene bede:*
 - *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*
- Amen.**

Psalm 118:8 (p. 577)

- 8 Gods regterhand is hoog verhewe, / sy regterhand is groot van daad;
dit laat van skrik die wêreld bewe, / maar hef sy volk uit lyde en smaad.
Ek sal nie kwyn in slawebande / wat my ter dood toe wil omknel;
ek sal nie sterf deur vyandshande, / maar al Gods werke bly vertel.

Skriflesing: Handeling 8

Teks: Handeling 8:4

En die wat verstrooi was, het die land deurgegaan en die woord van die evangelie verkondig. (Handeling 8:4 AFR53)

Aan wie het jy my evangelie verkondig sodat hy hom tot My kon bekeer? Dis wat die Here van ons wil weet.

Die Here Jesus gee 'n opdrag as Hy wegvaar na die hemel toe. Die hele destydse kerk staan voor Hom op dié oomblik:

En Jesus het nader gekom en met hulle gesprek en gesê: Aan My is gegee alle mag in die hemel en op aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen. (Matteus 28:18-20 AFR53).

Niemand gee 'n opdrag en kyk dan nie later of die opdrag uitgevoer is nie.

- Veral nie die Here nie.
- Dis waarom elkeen van ons op hierdie punt tot verantwoording geroep gaan word.

Nou mag die redenasie wees dat die Here dit vir die apostels gesê het en dat dit daarom die ampsdraers moet wees wat hierdie werk doen. Daarom gaan kyk ons in die Bybel wie die mense was wat hierdie opdrag uitgevoer het.

- In Jerusalem gaan die kerkleiers voort met hulle haat teen die Christene.
- Stéfanus word gestenig.
- Saulus staan daar en toekyk – die manne wat Stéfanus doodgooi, sit hulle klere by sy voete neer.

Daarna gaan die vervolging verder.

- Die gemeentede word by hulle huise opgesoek en gevange geneem. Hulle kan nie meer langer in Jerusalem bly nie.
- Hulle vlug na Judea en Samaria – dáár was blykbaar geen vervolging in daardie stadium nie.

Nou sien u dadelik seker ook die hand van die Here in hierdie saak.

- Hy het hulle uitdruklik opdrag gegee om sy evangelie aan alle volke en nasies te gaan verkondig.
- Daarom word hierdie vervolging beskik sodat hulle uit Jerusalem uit moet vlug, en die evangelie moet gaan verkondig waar hulle heen vlug.

So dra die Here self sorg dat die kerk uitgebrei word, al moet Hy dit op so 'n wyse doen dat Hy die gelowiges straf vir hulle laksheid.

- Maar die merkwaardige is dat die Bybel spesiaal vermeld dat die apostels in Jerusalem agtergebly het.
- Waarskynlik was dit in belang van die gelowiges wat nog in Jerusalem agtergebly het; ons weet nie. Die Bybel meld nie die werklike rede nie.

Kyk nou na die gelowiges wat uit die stad gevlug het na Judea en Samaria. Wat doen hulle?

- Hulle sê nie dat hulle nou dodelik ontevrede is omdat hulle nie gereeld huisbesoek kry met dié dat die apostels in Jerusalem agtergebly het nie.
- En hulle hou ook nie sommer op om kerk toe te gaan nie.
- Hulle geloof is nie so swak dat 'n ander mens se sondes tussen hulle en die Here kan kom staan nie. Hulle gaan verkondig nou die evangelie.

'n Werklike gelowige is so vol van die Here Jesus Christus dat hy oorkook daarvan.

- Hy vertel van die Here se verlossende genade vir almal.
- Hy probeer beslis nie om almal te bekeer nie; dit is die werk van die Heilige Gees. Maar hy vertel. Hy verkondig tydig en ontydig.

So moet ons wees, geliefde broeders en susters.

- Die Here gee aan elkeen van ons hierdie opdrag.
- Hy het nog nooit gesê dat hierdie opdrag se tyd nou verby is nie.
- Ons moet onthou dat die Here passiwiteit gaan straf.

Daar is geen mens wat die evangelie hoor en nou gebeur daar niks met hom nie.

- Óf jy glo met jou hele hart en siel en jy gehoorsaam die Here uit dankbaarheid.
- Óf jy glo nie. Saam met die ongelowiges kan ons dan die halfgelowiges en verkeerdgelowiges ook voeg.

Dis alles – óf positief, óf negatief.

- Jy kan nie sê dat jy glo maar jy is passief nie. Dis onmoontlik.
- Daarom verkondig hierdie gemeente van Jerusalem die evangelie sover as wat hulle vlug.

Op hulle prediking bekeer die Here soveel mense dat 'n mens wonder of dit waar kan wees.

- Toe die apostels in Jerusalem weer hoor, is die hele volk van Samaria bekeer.
- Hulle stuur toe dadelik vir Petrus en Johannes om die mense daar te gaan bedien.

Doodgewone gemeentede het met hulle prediking 'n gemeente tot stand gebring wat dadelik twee predikante kon beroep. Dink net daaraan!

- Dan vertel die Here van een besondere persoon. Sy naam was Filippus.
- Hy was een van die diakens wat vroeër verkies is.
- Ons lees mos in Handeling 6:5 dat hulle Stéfanus en Filippus en Próchorus en Nikánor en Timon en Pármenas en Nikoláüs as diakens verkies het.

Dis nou hierdie Filippus wat eenkeer in Samaria op 'n stad afgekom het. Hy het die Here Jesus Christus aan hulle verkondig. Dis al.

- Die Here seën sy prediking so dat lammes gesond word en dat die duiwels uit die besetenes uitgaan en dat die hele stad in groot blydskap is.
- Selfs Simon die towenaar wat met sy toordery 'n leier in die stad was, kom tot bekering en bly by Filippus nadat hy gedoop is (Handeling 8:13).

Dis die krag wat van ons moet uitgaan.

- Almal van ons se geloofsluwe moet so wees dat dit die oog van die gemeenskap vang. Hulle moet nie kan sien of dink ons geloof en ons beginsels laat veel te wense oor nie.
- Natuurlik beteken dit dat ons die kennis van die Bybel moet hê om ons eie geloofsluwe altyd op die standaard te bring op dié punte waar dit nie op kerf is nie.

Ons moet altyd besef hoe nodig ons die seën van die Here het.

- Ons getuienis voor almal moet so wees dat hulle kan sien dat ons God en sy Koninkryk bo alles ag.

Baie belangrik: Ons lewe moet getuig daarvan dat ons seker is dat die Here in sy genade ons nie die toegang tot sy hemele sal weier as ons sterf nie.

As ons so lewe, het ons vooruitgegaan en nie agteruit nie.

- **Ons moet nie verswak dat ons minder geword het as wat die vroeë Christene was nie.**
- **Ons moet op die pad van kennis van God se Woord en van heiligmaking verder wees as hulle.**

Ons het alles tot ons beskikking.

- As ons nou dink dat Christus gesterf het tot ons bekering dan staan ons sekerlik beskaamd.
- Die Seun van God moes so smartlik en skandelik sterf sodat ons die voorreg mag hê om hierdie dierbare evangelie te besit. En nou vertrap ons dit.

Ons is die uitverkorenes – die kerk.

- Ons mag ons uitverkiesing nie verag en lewe soos heidene nie.
- Ons het male sonder tal die geleentheid om die evangelie van Jesus Christus te verkondig en dan bedroef ons God die Heilige Gees wanneer ons dit nie doen nie.

In Handeling 1:7-8 word die Here Jesus Christus se eie woorde aangehaal:

En Hy antwoord hulle: Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die Vader deur sy eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde.

(Handeling 1:7, 8 AFR53)

Julle sal My getuies wees. Dis ons!

- Wat maak ons met alles wat die Here van ons vra? Is ons nie dalk soms bietjie geneig om agter ons sondes weg te kruip nie?
- Ons moet ophou om te sê: Ek is te skaam en ek kan nie praat nie. Die Here sê Hy weet dit alles, daarom sal die Heilige Gees ons die krag gee. Dit staan oor en oor geskrywe. In Markus 13 maar ook hier. ... **julle sal krag ontvang**, sê die Here.

Laat ons nou die volgende doen:

- Laat ons heel eerste aan ons daaglikse bekering en ons kennis van God se Woord aandag gee.
- En laat ons dan vir die Here getuig. Mag die Here ons help dat ons werklik glo en net eerlik praat oor ons geloof en belydenis van die Here Jesus as ons ewige God en Verlosser.
- As die Here sê dat sy Gees ons van krag sal voorsien, dan sal Hy dit doen. Dan mag ek en jy nie langer agter ons eie swakhede skuil nie.

Die Here gee ons die opdrag: **Verkondig!**

Hy bewys met hierdie gemeente van Jerusalem dat dit gedoen kan word. Laat ons dan luister as die Here met ons praat.

Amen.

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 2-2:3 (34:3)

- 3 Wee hom wat met sy Maker twis, / wat, waar hy net 'n potskerf is, / Gods weg met hom gewraak het!
'n Erdewerk, 'n nietigheid, / kan dit sy Maker ooit verwyd / dat Hy hom so gemaak het?
Maar nee, ons buig ootmoedig neer; / ons wil die hoë hande eer / wat ons so toeberei het,
ons in die hande altyd stel, / as kinders, HEER, die werk vertel / waardeur U ons verbly het.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Hulpdienspredikant
Gereformeerde Kerk Clanwilliam
Datum: 17 Junie 2012